WAPADRANT
E-NUUS

Openbaring 21: 5
"Kyk, Ek maak alles nuut"

ELKEEN SAAM OP GOD SE PAD

www.facebook.com/Wapadrant | www.wapadrant.co.za

25 November 2021

PREEKROOSTER NOVEMBER & DESEMBER

Datum	Tipe idioom	Tyd	Prediker	Bywoning in ouditorium	Bywoning in saal
28 Nov Advent Sondag	Klassiek	**08:30**	Amie van Wyk	335	100
05 Des	Klassiek	**08:30**	Rassie Smit	335	100
12 Des	Klassiek	**08:30**	Peet Vermeulen	335	100
19 Des	Kontemporêr en klassiek	**08:30**	Jaco Kruger	335	100
25 Des	Kontemporêr en klassiek	**08:30**	Jaco Kruger	335	100
26 Des	Kontemporêr en klassiek	**08:30**	Jaco Kruger	335	100

Geen bespreking is nodig nie.
By die hoofingang van die kerkgebou ontvang lidmate 'n nommer.
Sodra die ouditorium van die kerk voltallig is, word lidmate na die saal verwys.
Saniteer by die hoofingang. Geen masker - geen toegang.
Lidmate wat in saal sit moet asb. die glasdeure gebruik om die saal te verlaat sodat daar nie 'n opeenhoping in die portaal plaasvind nie.

Samesang asook musiek vir klavier en trompet

Trompet
Christiaan Herbst

Klavier
Stephan Geyer

Voorsangers
Rita Albertyn, Francois Leijenaar, Carlien en Stefan Vorster

08:30 Erediens

"Facebook"
https://www.facebook.com/gkwapadrant/videos/?ref=page_internal

"YouTube"
https://www.youtube.com/channel/UCb3hrnMcAH83-6mloVeZC2g

FONDSINSAMELING – HOENDER EN BUNS

Baie dankie aan almal wat bestellings geplaas het.
Kry **Vrydag 17:00 – 18:00** en **Sondag 09:30 -10:30** jul hoenders en buns by die buitekombuis se luik.

LIEF EN LEED

Baie geluk aan:

- Ryno en Elizabeth Nel wat 'n dogtertjie ryker geword het. Die trotse ouma is Rene J Van Vuuren.
- Louis Venter wat Saterdag 4 Desember in die huwelik tree met Margreet Smit.

Ons doen voorbidding vir:

- Hannes Steenberg wat vandag 'n heupvervanging ondergaan.
- Anton en Renscke Marais. Renscke se susters is verlede week oorlede.
- Theunis en Anneline Ehlers. Theunis se pa is oorlede. Sy pa was ook die broer van Jan Ehlers en die oom van George Ehlers.
- Almal wie se gesondheid nie na wense is.

DANKOFFER 2022

Dankofferstate en -vorms is per epos versend aan lidmate waarvan ons eposadresse het. Dié daarsonder s'n word per slakkepos gestuur.
Graag ontvang die kerkkantoor dankoffervorms terug nie **later as 5 Desember 2021.**

SUNRISE – HOOF NASKOOL

SunRise
SunRise Road NPC Reg Nr 2012/215898/08

Die SunRise Bestuurskomitee is op soek na 'n dinamiese Hoof vir die SunRise Naskool hier by Wapadrant Gemeente.

Is jy georganiseerd en hou jy van uitdagings? Het jy 'n liefde vir kinders, maar is ook rekenaargeletterd met goeie bestuursvaardighede? Kan jy buite die boksie dink en innoverende maniere kry om take af te handel? Het jy goeie kommunikasievaardighede? Dan is dié pos vir jou. Kom word deel van die dinamiese SunRise-span.

Die ideale kandidaat:

- Is 'n lidmaat van Wapadrant Gemeente en handhaaf 'n Christelike lewenswyse
- Het al voorheen in 'n skool- of naskoolomgewing gewerk
- Kan in 'n span saamwerk tot die voordeel van die naskool
- Geniet dit om met kinders te werk
- Het goeie bestuursvaardighede en ondervinding in 'n bestuursposisie
- Het goeie kommunikasievaardighede om met mense op alle vlakke te kan werk
- Beplan middagaktiwiteite wat genotvol en leersaam is vir ons leerders
- Motiveer leerders om hul volle potensiaal te bereik in 'n veilige leeromgewing
- Moedige selfstandigheid en onafhanklikheid by leerders aan
- Verseker die veiligheid van die leerders deur goeie toesighouding
- Kan gemaklik met leerders tussen die ouderdom van 6 en 12 jaar werk
- Moet met leerders kan werk wat in moeilike omstandighede opgroei
- Moet goed met vrywilligers saamwerk tot voordeel van die leerders
- Moet met ouers van leerders kan saamwerk tot voordeel van hul kinders
- Moet bereid wees om te help met fondsinsamelingsaktiwiteite
- Het 'n skoon kriminele rekord

Vergoeding:

Hierdie is 'n kontrakposisie en vergoeding is onderhandelbaar. Kwalifikasie, ervaring en ure word in berekening gebring. Kontak Daleen de Villiers Hoof van SunRise Naskool by 082 9332416 vir meer inligting of indien u enige navrae het.

Die geskikte kandidaat moet beskikbaar wees om gedurende skoolkwartale te werk Maandag-Vrydag vanaf 13:30 tot 17:30. Pos is onmiddellik beskikbaar.

Suksesvolle kandidate sal gekontak word en 'n datum vir onderhoude sal gereël word.

Stuur asb jou CV met twee verwysings na zanelda@sunriseroad.org.za

SUNRISE LIEFDADIGHEIDSWINKEL

RiseUp Liefdadigheidswinkel

Enige Werkende goedere of klere!

RiseUP CHARITY STORE

Kontak Zanelda: **082 364 2196**
zanelda@sunriseroad.org.za
vir aflewering

SunRise

HULP BENODIG IN DATAKAMER

VAKANSIE OUERS GESOEK: PRESIDENT KRUGERKINDERHUIS PRETORIA

President Krugerkinderhuis Pretoria is dringend op soek na vakansie-ouers vir 11 kinders wat sal moet inbly vir die Desember vakansie aangesien hul nog nie uitgeplaas kon word nie.

Indien enige gemeentelede sou belangstel om 'n kind vir 'n kort tydperk in die vakansie of selfs vir die hele Desember-vakansie uit te neem kan Annatjie Vorster by (012) 332 1366/7 gekontak word vir verdere navrae.

SENIOR JAAREINDUNKSIE

DINSDAG 30 NOVEMBER OM 11:30
'n Gesellige groep 70 jaar plussers het reeds hul name opgegee vir die jaareindfunksie. Daar is nog geleentheid tot môre indien jy die funksie wil bywoon.

Eetgerei word nou verskaf.
Bring egter jou eie glas en drinkgoed

AANLYN BASAAR

'n Bedrag van R 28 330 is reeds ontvang. Baie dankie!

DANVILLE KERSETE